Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

12 Januarie 2026

**OUEROMSENDBRIEF 1 VAN 2026**

Beste JV-Ouers/-Voogde

Welkom terug by JV's in 2026! Ek hoop dat u geleentheid gehad het om gedurende die feesseisoen kwaliteittyd met u geliefdes deur te bring. Mag dié jaar vir u baie voorspoed en gesondheid inhou.

HTS John Vorster is reg vir groot dinge in die nuwe jaar. Die personeel sien met groot verwagting daarna uit om die leerders te ontvang en is gerat om alle uitdagings die hoof te bied. Op 14 Januarie begin ons volstoom werk met al die leerders by die skool - met 'n 100%-deelname aan akademie en sport- en kultuuraktiwiteite. In 2026 gaan ons voortbou op die suksesse van 2025!

**Die skool se tema vir 2026 is BID SAAM; GROEI SAAM. Ek is meer as 100% seker dat dit die pad is wat ons moet loop om ONS kinders 'n skool te bied waar hulle die regte waardes kan leer en volrond ontwikkel om die volwasse lewe na skool aan te pak. Ek versoek elke ouer om ook ons skool elke dag voor die Here se voete te lê en te bid vir ons personeel sodat ons toegerus word om u kind reg te onderrig, lei en ontwikkel.**

1. **MICROSOFT TEAMS EN D6**

Alhoewel ons nog steeds met u per Whatsapp, e-pos en sms ook gaan kommunikeer, moet u asseblief kennis neem daarvan dat **Microsoft Teams (MT)** ons voorkeurmetode van kommunikasie met die **leerders** is. Daarom kan u reeds u kind se **klasrooster, klaslyste en toesigrooster vir 2026** op **12 Januarie** daarop kry. Ons voorkeurmetode van kommunikasie met **ouers** is die **Whatsapp-groepe** asook die **D6-toepassing**. U moet asb **SEKER MAAK** dat

u by u kind(ers) se graad se whatsapp-groep aansluit en die D6-toepassing op u foon of rekenaar aflaai.


Die **ekstra klasse-rooster vir die gratis ekstra klasse van die natuurwetenskaplike vakke,** sal ook later op **MT** geplaas word. Hierdie dokumente gaan nie meer in harde kopié by die skool versprei word nie. Maak dit asseblief ‘n prioriteit om weekliks op u kind se Microsoft Teams te gaan loer en seker te maak dat u kind wel die dokumente gekry het, asook die huiswerk wat daar verskyn, gedoen het.

## 2. KALENDER

Alle skoolaktiwiteite is op die skoolkalender aangedui. Dit sluit in: **sportaktiwiteite, kultuuraktiwiteite**, **toets- en eksamendatums**, ens. Natuurlik is die datums onderhewig aan veranderinge, maar waar moontlik, sal ons u op die hoogte hou. Die skakel na die kalender sal op Microsoft Teams beskikbaar wees.

## 3. SKOOLFONDS

Baie dankie vir die skoolfonds wat u gedurende 2025 so getrou betaal het. Die skoolfonds vir 2026 is tydens die laaste ouervergadering as volg vasgestel:




Skoolgeld moet voor die **7de** van elke maand betaal word, dus moet Januarie se betaling reeds **voor 7 Januarie 2026** betaal word.

Daar is ook ’n nie-terugbetaalbare handboekgebruikersfooi soos in die resolusie aangedui:

- *'n Handboekgebruikersfooi sal teen 'n bedrag van **R500.00 per leerder**, vir die 2026-boekjaar, gehef word. Hierdie fooi is nie 'n terugbetaalbare deposito nie en word slegs eenmalig per jaar, vir die gebruik van die handboeke, gehef. Die fooi sal op die skoolgeldrekening gehef word en is betaalbaar voor 28 Februarie 2026. Hierdie fooi sal nie deel vorm van enige vrystellingsaansoek nie.*

**Die skool se bankbesonderhede is as volg**: (Let daarop dat die skool se bankbesonderhede verander het.

| | |
|---|---|
| REKENINGNAAM | HTS JOHN VORSTER |
| BANK | FNB |
| TAKKODE | 251545 |
| REKENINGNOMMER | 63128801479 |
| VERWYSINGSNOMMER | LEERDER SE TOELATINGSNOMMER |

Die graad 10- en 11-rekeninge word deur me. **Ilza van Rensburg** hanteer. Haar e-posadres is:

finansies@htsjv.co.za

Die graad 8-, 9- en 12-rekeninge word deur me. **Eve Rebb** hanteer. Haar e-posadres is:

finansies02@htsjv.co.za

**Me Eve Rebb hanteer ook hierdie jaar alle aansoeke vir- en aangeleenthede i.v.m.VRYSTELLINGS. MAAK BAIE SEKER DAT U AANSOEKE VOOR DIE KEERDATUM INGEDIEN IS.**

**4. LEERDERVOORKOMS**

Ons begin 'n nuwe jaar en ons glo dat al ons leerders in 2026 net so netjies soos in die verlede gaan wees. Ons wil dan hiermee vra dat u en u kind u moet vergewis van die voorkoms-en kleredragreëls. Ons is baie trots op ons skooldrag en wil vra dat u, indien u 'n probleem ondervind om ons skooldrag in die hande te kry, ons dadelik in kennis sal stel daarvan. Ons wil asseblief vra dat u kind se voorkoms reeds op 15 Januarie 2026, 100% volgens die skoolreëls, reg sal wees.

**Kan ons asseblief hierdie jaar ook daarop fokus dat die leerders ten minste een maal 'n week hulle skoolskoene politoer/skoonmaak. Dit doen erg afbreek aan die leerders se netjiese voorkoms.**

Ons wil asseblief net weer u aandag op veral die volgende vestig:

**Pertinente Harereëls**

| DOGTERS | SEUNS |
|---|---|
| Sodra hare aan die skouers raak, moet dit met die skoolkleurerekkie vasgemaak word. | Wanneer die kop regop gehou word, mag die nekhare nie nader as 'n vingerbreedte bokant die kraag hang nie. |
| Alle los haarslierte moet te alle tye uit die gesig en agter vasgesteek wees. | Wanneer die hare regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie. |
| Kort hare mag ook nie van onder af opwaarts gekam word OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie | Hare mag nie van onder af opwaarts gekam word OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie. |
| Geen mode-items mag in die hare gedra word nie - slegs die spesifieke skoolrekkies, -knippies en -linte. | Wangbaarde (wolwange)/"sidies" mag nie laer as die middel van die oor wees nie en mag nie a.g.v. die lengte daarvan, opkrul nie. |
| Die kuif mag nie oor die wenkbroue of oë hang nie. | Geen "steps" of "undercut" is toelaatbaar nie. |
| . | Die verskil in haarlengtes van 'n seun se kop, mag nie met meer as twee sentimeter verskil nie en daar mag ook nie 'n duidelike lyn verskyn nie. |
| | Dik hare moet uitgedun word en nie in een lengte gesny word nie. |
| Slegs een ***natuurlike*** kleur is aanvaarbaar. Sodra daar enige tekens van die oorspronklike haarkleur iewers sigbaar is, moet dit reggestel word. | Geen gekleurde hare van enige aard word toegelaat nie. |
| Geen "high lights" is toelaatbaar nie. | Geen "high lights" is toelaatbaar nie. |
| Hare mag nie van onder af opwaarts gekam word nie OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie. | Geen kort snit met 'n "klossie", kort snit met 'n lang kuif, "comb over" of "under cut" word toegelaat nie. |
| Enige haarstyl wat onnodig aandag trek is ontoelaatbaar. Elke dogter se hare sal individueel beoordeel word. | Geen "man buns" en poniesterte is toelaatbaar nie. |
| Geen uitspattige modegiere word toegelaat nie, bv. geen afgeskeerde hare in die nek of langs die kop patrone/lyne mag in die hare geskeer word nie. | Geen uitspattige modegiere word toegelaat nie. Geen patrone mag in die haarstyl bo of langs die kop gesny word nie. |
| Slordige hare is ontoelaatbaar. | Slordige hare is ontoelaatbaar. |
| | Geen "mullet" mag gedra word nie. Die hare mag ook nie aan die agterkant van die kop 'n stert of 'n punt maak nie. Die hare aan die |

**Ongelukkig is dit so dat sekere ouers en leerders GLO dat hulle kinders uitgesluit van hierdie reëls is. Neem kennis dat wanneer u u kind by HTS John Vorster inskryf, u as ouer**

**onderneem om die Gedragskode van die Skool te onderskryf en sal toesien dat u kind dit ook nakom. Die skool se GEDRAGSKODE is op die WEBBLAD beskikbaar**.

**Praat asb ook met u kind rakende die reëls i.v.m. die volgende sake wat in die SKOOL SE GEDRAGSKODE vervat is:**

- **ELEKTRONIESE TOESTELLE**

Geen elektroniese speletjies, elektroniese toerusting (uitgesonder selfone en tablette - wat algeheel verbied word) of draagbare en/of koordlose luidsprekers mag sonder vooraf toestemming van die hoof/adjunkhoofde skool toe gebring word nie.

Ons sien dat leerders ook met oorfone rondloop; dit is ongelukkig ook ontoelaatbaar en sal afgeneem word.

- **ROOK EN ASSOSIASIE MET ROOK**

Geen leerder mag op die skoolterrein/by ‘n skoolaktiwiteit in sy/haar skoolklere, enigiets rook nie. Dit sluit e-sigarette/vapes, ens. in. ‘n Leerder wat met rokers of rook geassosieer kan word, oortree dieselfde reël.

Ons sal ook leerders wat in ’n klas rook/vape, vir ’n paar dae huis toe stuur.

## 5. HANDBOEKE- EN SKRIFREëLINGS

Vergewis u asseblief van die nodige skrifte per graad wat self deur die ouer/voog aangekoop moet word en reeds op 14 Januarie 2026 gereed en oorgetrek moet wees. Die skrifvoorskrifte is al elektronies aan u as ouer/voog deurgegee, maar u kind het dit ook in harde kopie saam met sy/haar rapport op 2 Desember 2025 ontvang.

## 6. ONAFGEHAALDE RAPPORTE VAN 2025

Indien dit nie vir u of u kind moontlik was om sy/haar rapport aan die einde van verlede jaar te kom haal nie, kan hy/sy of die ouer/voog die rapport in die algemene kantoor vanaf 13 Januarie 2026, enige tyd tussen 09:00 en 13:00, gaan haal.

## 7. MATRIEKUITSLAE VIR Gr. 12-2025

Matriekuitslae van matrieks 2025 is op 13 JANUARIE 2026, 8:30 – 10:00 in die algemene kantoor beskikbaar.

## 8. OUERVERGADERINGS

### 8.1 MATRIEKOUERS EN -LEERDERS

*Alle matriekleerders en matriekouers van 2026 neem asseblief kennis van 'n* ***VERPLIGTE vergadering op***

***20 Januarie om 18:00****.* Maak asseblief seker dat u op hierdie datum beskikbaar is om 2026 reg te beplan, sodat elke leerder en ouer presies weet hoe om in hierdie matriekjaar suksesvol te wees.

### 8.2 GR.10- EN 11- OUERS EN -LEERDERS

*Neem asseblief kennis van 'n* ***VERPLIGTE vergadering op 22 Januarie om 18:00 in die skoolsaal.***

### 8.3 GR. 8-OUERS

*U word herinner aan die* ***VERPLIGTE ouervergadering op 12 Januarie om 17:30*** *in die* ***skoolsaal*** *(slegs ouers), asook die* ***ouerbraai om 19:00*** *op die rugbyveld (ouers en leerders). Maak asb seker dat u vroeg genoeg by die huis ry-****toegang tot die terrein kan lank neem en alle vergaderings by HTS John Vorster begin stiptelik op die gegewe tyd.***

### 8.4 GR. 9-OUERS EN -LEERDERS

*Neem asseblief kennis van 'n* ***VERPLIGTE vergadering op 26 Januarie om 18:00 in die skoolsaal.***

## 9. ATLETIEKINTERHUIS

Op 16 Januarie 2026 vind ons amptelike atletiek-interhuisbyeenkoms plaas. Die programtye strek vanaf 08:00 tot 16:00. **GEEN LEERDERS MAG DIÉ DAG AFWESIG WEES OF UITGETEKEN WORD NIE**. Alle leerders moet asseblief deelneem aan soveel as moontlik items. Leerders gaan in verskillende sporthuise - wat op dié dag met mekaar sal kompeteer - ingedeel word. Leerders moet asseblief die volgende vir die dag saambring:

- sonskerm;
- hoed;
- waterbottel;
- geldjies vir snoepie.

Tydens die atletiek-interhuis is die ouers welkom om hulle kinders te kom ondersteun.

Die volgende rëelings sal geld:

- parkering op die D-rugbyveld langs die netbalbane;
- eie stoele en gazebo's moet gebring word om bo-op, vanaf die walle te ondersteun;

- ons snoepie en kosstalletjies moet asb. ondersteun word;
- die toilette langs die lapa is vir ondersteuners se gebruik beskikbaar; en
- geen ouer sal op die veld en/of baan toegelaat word nie.

Alle **oefeninge** begin **Maandag, 12 Januarie** 2026. Sorg asseblief dat u kind **registreer** op die **whatsapp-groepe** in die sportsoorte waarin hy/sy deelneem. Dit is noodsaaklik dat die leerders op die groepe geregistreer is, want dit is waar al die oefentye en ekstra inligting deur die organiseerders/afrigters aan die leerders deurgegee word.

**10. SWEMINTERHUIS**

Die huidige beplanning is dat die sweminterhuis op 20 Januarie 2026 sal plaasvind. Omdat die Tjaart van Vuuren-swembad sommige kere onverwags gesluit word, sal verdere reëlings in die verband later aan u deurgegee word.

**11. VRYDAGDRAG**

Neem asseblief ook kennis dat die Beheerliggaam die besluit geneem het dat leerders op Vrydae slegs die volgende drag mag dra:

- amptelike skooldrag;
- JV-drag;
- dirigentedrag;
- eerstespan-baadjies van die huidige jaar;
- provinsiale en nasionale toekennings se formele drag; of
- Gauteng-Noordtoekennings se formele drag

Bewyse van die laaste twee genoemde items moet by mnr Du Rand ingedien word.

**12. BERGROETE**

Registrasie vir die gebruik van die  bergroete open Donderdag 15 Januarie. Leerders wat belangstel om van die bergroete gebruik te maak of reeds die roete gebruik, moet aansoekvorms by me. Shenney de Lange in die algemene kantoor kom haal. Aansoeke sluit 23 Januarie en slegs leerders wat die regte bewys van registrasie kan toon, sal toegelaat word om toegang te verkry tot die bergroete vanaf 26 Januarie - soggens en middae na skool .

Die voetpadroete begin by Molopoweg 311, op die hoek van Ongerstraat en Edelweissweg, in Sinoville. Die roete is slegs beskikbaar vir voetgangergebruik.

Ons doen 'n beroep op ouers om die reëls noukeurig deur te lees, en streng daarby te hou.

Kontak die algemene kantoor, Me Shenney de Lange,  vir enige navrae.

## 13. SKOOLURE

Ouers en leerders moet asb let op die amptelike skoolure :

Oggendtye: **Hekke 6 en 7 sluit in die oggend om 07:30**. Alle leerders moet dan binne die skoolterrein wees-die wat na 07:30 aankom sal as laat aangeteken word en negatiewe punte gerekordeer word.

Die klok vir die begin van voogperiode lui om 07:35

Maandag-Donderdag verdaag die skool om 14:00 en Vrydae om 13:30

**Let asb daarop dat die uitkomtye in die eerste week se drie skooldae verskil:**

**Woensdag: 14:00**

**Donderdag: 14:15**

**Vrydag: 16:00 weens interhuis-atletiek**

**Gr8.-ouers en leerders moet ook in die SKAAKMAT-boekie kyk na moontlike addisionele aktiwiteite vir die gr.8-leerders.**

## 14. KOMMUNIKASIE MET DIE SKOOL

Hiermee rig ek ook 'n dringende versoek aan alle ouers om enige tyd wat u met die skool per e-pos kommunikeer oor u kind, u sal verseker dat u in die **ONDERWERPLYN van die e-pos u kind se NAAM, VAN EN KLAS aandui.** Kosbare tyd word soms vermors om uit te vind op watter leerder die e-pos betrekking het.

Maak asseblief ook seker dat u die epos na die korrekte personeellid stuur om spoedige reaksie te verseker: alle e-posadresse van personeel kan op Microsoft Teams in die "soek-spasie" verkry word.

JV-Ouers, die JV-personeel sien uit daarna om u **(ONS)** kinders weer terug by die skool en in die klasse te hê!

JV-groete.



A DOWD

HOOF

012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186
www.htsjohnvorster.co.za